Inleiding *tot* Deuteronómium

SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie: *Jesaja 14:12–14, Eségiël 28:12–17, Génesis 3:1–7, Génesis 12:1–3, Handelinge 7:20–36, Exodus 19:4–8.*

Geheueteks: **"Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde"** *(I Johannes 4:8, OAB)***.**

Die boek Deuteronómium het natuurlik nie sonder buite-invloede ontstaan nie. Net soos met alles in die lewe het Deuteronómium 'n konteks, 'n goeie logiese geheel; en, net soos met alles in die lewe, speel daardie konteks 'n belangrike rol in die betekenis van die boek en wat die doel daarvan is.

Baie geskiedenis het voor hierdie boek plaasgevind — geskiedenis wat die omstandighede verduidelik, nie net van die boek self nie, maar van die wêreld en omgewing waaruit die konteks daarvan ontstaan het. Net soos dit moeilik is om die doel van 'n voorruitveër buite die konteks van 'n motor te verstaan, net so sal dit moeilik wees om Deuteronómium buite die konteks waaruit dit ontstaan het, te verstaan, veral in die lig van ons tema, Deuteronómium en teenswoordige waarheid.

Iemand het die Rus, Leo Tolstoy, se *War and Peace* – omtrent 1,500 bladsye - in net drie dae gelees. Toe daar gevra was waaroor die boek gegaan het, het die leser geantwoord: "Dit gaan oor Rusland."

Net so is dit om in een se week se les die duisende jare se geskiedenis tot en met Deuteronómium te probeer dek. Maar, deur op die hoogtepunte te fokus, kan ons die konteks ontdek wat nodig is om die boek die beste te verstaan, en wat so ryk is aan "teenswoordige waarheid."

** Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 2 Oktober.*

Liefde, om liefgehê te word

I Johannes 4:8 sê: "God is liefde." Hoe eenvoudig die drie woorde (vier in die Grieks) ook klink, is die gedagte daaragter so diepgaande, so innig, dat ons dit wat daardeur impliseer word, skaars kan begryp. Dit sê nie dat God liefhet nie, of dat God liefde openbaar nie, of dat God 'n openlike uiting van liefde is nie, maar dat God liefde "is". Liefde "is" — so asof liefde die kern van die identiteit van God self is. As gevalle mense, met net 'n paar kilogram weefsel en chemikalieë in ons koppe waarmee ons die werklikheid moet begryp, is ons nie in staat om die betekenis van "God is liefde", ten volle te verstaan nie.

Maar ons kan sekerlik genoeg verstaan om te weet dat dit baie goeie nuus is. As, in plaas van "God is liefde", dit gesê het "God is iemand wat haat", of "God is wraakgierig", of "God is sonder belangstelling," sou hierdie openbaring oor Hom iets gewees het om oor bekommerd te wees.

En die waarheid oor "God is liefde" help ons om die gedagte te verstaan dat God se bewind en hoe Hy regeer, sy liefde weerspieël. Liefde deurdring die kosmos, dalk selfs meer as wat swaartekrag dit doen. God het ons lief; en ons moet Hom terug liefhê *(lees Deuteronómium 6:5 en Markus 12:30)*.

Liefde, om vol liefde te kan wees, moet egter uit vrye wil geskied. God kan nie liefde afdwing nie; die oomblik wat Hy dit doen, is dit nie meer liefde nie. Daarom, toe God intelligente en rasionele wesens in die hemel en op aarde geskep het met die vermoë om lief te hê, het die risiko altyd bestaan dat hulle Hom nie terug lief sou hê nie. Sommige het nie — en dit was die oorsprong van wat ons ken as die groot stryd.

Waarom **maak die volgende verse net sin in die konteks van die vryheid, en die risiko, wat by liefde ingesluit is?** *(Jesaja 14:12–14, Eségiël 28:12–17, Openbaring 12:7)*.

_____

_____

Eségiël is veral deursigtig, waar dit duidelik is dat alhoewel hierdie engel, Lucifer, 'n volmaakte wese was wat deur 'n volmaakte God geskape was, sonde in hom gevind was. Dit was nie omdat Hy met daardie gemeenheid in die eerste plek geskape was nie. In plaas daarvan, deurdat hy met die vermoë om lief te hê, geskape was, het Lucifer egte morele vryheid gehad, en in weerwil van alles wat hy ontvang het ("allerhande edelgesteentes was jou bedekking"), wou hierdie engel meer gehad het. Een ding lei na die ander, "en daar het oorlog in die hemel gekom".

By sommige plekke kan 'n mens robothonde koop wat jou bevele sal gehoorsaam, nooit die mat sal bemors of die meubels sal stukkend kou nie. Sou jy egter enige vriendelike of betekenisvolle verhouding met hierdie tipe "hond" kon hê? Hoe help jou antwoord jou om te verstaan waarom God wesens wou gehad het wat Hom waarlik lief kon hê?

Die sondeval en die vloed

Feitlik elke skoolgaande kind het al die verhaal van hoe 'n appel op Isaac Newton se kop geval het, gehoor, en siedaar! Newton het swaartekrag ontdek! Of 'n appel werklik op sy kop geval het, is nie die beslissende punt nie (hy het nie swaartekrag ontdek nie; enigeen wat al geval het, het reeds agtergekom dat daar iets soos swaartekrag is); in plaas daarvan, was Newton se groot insig sy ontdekking dat dieselfde krag wat die appel laat val het (swaartekrag) ook die maan in 'n baan rondom die aarde en die aarde rondom die son laat wentel het, ens.

Dit was belangrik, want, vir millennia het baie mense geglo dat die wette van die hemele van die wette wat die aarde regeer het, verskil het. Newton het getoon dat hierdie oortuiging verkeerd was.

En hoewel Newton se bydrae op die gebied van natuurwette was, is dieselfde beginsel ook waar met betrekking tot die morele wet. Dieselfde ingebore vryheid om lief te hê wat tot Lucifer se val in die hemel gelei het, het ook tot die mens se sondeval op die aarde gelei.

Lees Génesis 2:16, 17 en 3:1–7. Hoe word daar in hierdie verse oor volmaakte mense in 'n volmaakte omgewing wat deur 'n volmaakte God geskep was, ook die kragtige waarheid van die ingebore vryheid om lief te hê, openbaar?

_____

_____

Na die sondeval het dinge al erger geword, selfs tot die punt toe dat die Here gesien het dat "al die versinsels wat [die mens] in sy hart bedink [het], altyddeur net sleg was" *(Génesis 6:5)*. En omdat hulle gedagtes sleg was, was hulle dade sonder twyfel ook sleg, totdat dinge so boos geword het dat die Here die hele wêreld deur middel van 'n vloed vernietig het — en, in 'n sekere sin, die mens 'n kans gegee het om oor te begin - soort van 'n tweede skeppingsdaad. Maar, soos die verhaal van die toring van Babel aan ons toon *(Génesis 11:1–9)*, was die mens daarop uit om God te tart. "Sodra 'n gedeelte van die toring klaar was, het die bouers dit as woning betrek; ander pragtig versierde en gemeubileerde vertrekke is aan hulle afgode gewy. Die mense het hulle oor hulle welslae verheug en die gode van silwer en goud geloof en hulle teen die Heerser van die hemel en die aarde verset." — Ellen G. White, *Patriarge en Profete*, bl. 119. Daarom, behalwe om hulle taal te verwar, het God die gevalle ras oor die hele aarde verstrooi.

Let 'n bietjie op waaraan jy deur die dag dink. Wat sê dit aan jou oor die toestand van jou eie hart?

Die roeping van Abram

Abram (later Abraham genoem) word die eerste keer in die geslagsregister in Génesis 11 genoem, net na die verstrooiing by die toring van Babel plaasgevind het.

Lees Génesis 12:1–3 waar God vir Abram geroep het. Deur nou terug te kyk na die kruis, na die dood van Jesus en die verpreiding van die evangelie, hoe verstaan ons wat God belowe het om deur Abram te doen?

_____

_____

Baie eeue gelede het die apostel Paulus, toe hy die dwaalleer van die Galásiërs moes aanspreek, na Abraham se roeping verwys, en getoon dat dit 'n vroeëre uitdrukking was van wat God se bedoelings nog altyd was: die evangelie aan die hele wêreld. "Julle verstaan dan dat die wat uit die geloof is, hulle is kinders van Abraham. En die Skrif wat vooruitgewys het dat God die heidene uit die geloof sou regverdig, het vooraf aan Abraham die evangelie verkondig met die woorde: 'In jou sal al die volke geseën word'. Sodat die wat uit die geloof is, geseën word saam met die gelowige Abraham" *(Galásiërs 3:7–9)*.

Abraham se roeping word die eerste keer in Génesis 12 bewoord; baie van die res van Génesis bevat die verhaal van sy bloedverwante, van een of ander wanaangepaste nakomeling wat verwarde gesinne voortgebring het, en tog sou die belofte uiteindelik deur hulle vervul word en 'n beslissende punt bereik het met die roeping van Moses.

Lees Handelinge 7:20–36 van Stéfanus, die martelaar, se beskrywing van Moses en die Uittog. Hoe pas hierdie in God se aanvanklike belofte aan Abraham, in?

_____

_____

In 'n wêreld wat met onkunde, dwaling en 'n algemene gebrek aan kennis van waarheid deurdrenk is (dinge het nie baie in meer as drieduisend jaar verander nie, né), het die Here 'n volk, Sy volk en Abraham se nageslag, uit Egipte geroep. Hy wou nie net kennis van die waarheid deur hulle bewaar het nie; d.w.s., kennis oor Hom, Yahweh, en die verlossingsplan, maar Hy wou ook daardie kennis oor die hele wêreld versprei.

Hoe sien ons as Sewendedag-Adventiste onsself vandag met betrekking tot die res van die wêreld? Dit wil sê, watter ooreenkomste bestaan daar tussen ons en destydse Israel? Wat meer belangrik is, watter verantwoordelikheid plaas hierdie ooreenkomste op elkeen van ons?

Die verbond by Sinai

Wat 'n ondervinding was die Uittog en alles wat dit ingesluit het nie - van die bloed aan die deurposte in Egipte tot die drama by die Skelfsee! Daar is geen twyfel dat dit 'n indruk op hulle wat dit meegemaak het, gelaat het nie. (En hulle wat gesterf het, van die eersgebore kinders in Egipte tot die soldate op die bodem van die see, sal regverdiglik deur God geoordeel word.) Soos die Here gesê het: " ' Julle het self gesien wat Ek aan die Egiptenaars gedoen het, en dat Ek julle op arendsvlerke gedra en julle na My toe gebring het.' " *(Exodus 19:4)*.

Waarom het die Here hierdie buitengewone en dramatiese bevryding gedoen, om een nasie uit 'n ander nasie te neem, of, soos Moses aan hulle gesê het dat die stem van God met hulle gespreek het: " ' "Of het 'n god probeer om vir hom 'n nasie uit 'n ander nasie te gaan neem deur versoekinge, deur tekens en wonders en deur oorlog en deur 'n sterke hand en 'n uitgestrekte arm en deur groot skrikwekkende dade soos die Here jou God met julle voor jou oë in Egipte gedoen het? " ' " *(Deuteronómium 4:34)*?

Lees **Exodus 19:4–8. Waarom het die Here die volk uit Egipte geroep?**

_____

_____

Net so eenvoudig soos dit. God het hulle, die nageslag, die afstammelinge van die vaders, Abraham, Isak en Jakob, uitgeroep. En met hierdie afstammelinge het die Here 'n verbond gesluit, en hulle sou, inderdaad, " ' my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne' " *(Exodus 19:5)*. Hierdie verwantskap was die sentrale punt van die verbond.

Hierdie gedagte "my eiendom" ["'n spesiale skat" volgens een Engelse vertaling], *(segullah)*, kon egter maklik verkeerd verstaan gewees het (en dit was inderdaad so). Hulle besondersheid was nie omdat hulle 'n ingebore heiligheid en regverdigheid self gehad het nie. In plaas daarvan was dit omdat God se genade aan hulle gegee was, en oor die wonderlike waarhede wat Hy aan hulle geskenk het — waarhede wat hulle moes uitleef en, as 'n "koninkryk van priesters" uiteindelik oor die wêreld moes versprei het.

God het toe ook aan hulle sommige van die verpligtinge van die verbond gegee (as't ware hulle deel van die ooreenkoms), die Tien Gebooie *(Exodus 20)*, en toe was die verbond bekragtig. Nadat hy 'n splinternuwe altaar met die bloed van die offers besprinkel het, het Moses "die boek van die verbond geneem en dit voor die ore van die volk gelees" *(Exodus 24:7)*. Die volk het weer bevestig dat hulle gehoorsaam sou wees.

"want toe elke gebod volgens die wet deur Moses aan die hele volk aangekondig is, het hy die bloed . . . geneem en die boek self en die hele volk besprinkel en gesê, 'Dit is die bloed van die testament wat God met die oog op julle verorden het.' " *(Hebreërs 9:19, 20)***. Wat was deur die bloed voorgestel, en waarom is dit selfs vandag nog vir ons belangrik?**

Afvalligheid en vergelding

" 'Alles wat die Here gespreek het, sal ons doen' " *(Exodus 19:8; en ook Exodus 24:3 en 24:7)*. Alhoewel die volk ongetwyfeld elke keer daardie woorde bedoel het, toon die gewyde geskiedenis dat hulle handelinge ongelukkig keer op keer hulle woorde weerlê het. Hoewel hulle die uitverkore volk was, hoewel hulle vrywillig met die Here 'n verbond gesluit het, het hulle nie hulle deel gedoen nie, wat eintlik net tot een ding gelei het.

Wat was vir Israel die belangrikste gedeelte van die verbond? *(Exodus 19:4, 5)*.

_____

_____

Die vereiste om God te gehoorsaam, om sy wet te onderhou, was geensins wettiesheid toe nie, en ook nie nou nie *(lees Matthéüs 7:24–27; Johannes 14:15; Jakobus 2:20; Romeine 6:11, 12)*, en tog het die kinders van Israel kortgekom om hulle deel van die ooreenkoms na te kom.

Weliswaar, hulle het reeds vroeg al, terwyl hulle nog by die berg Sinai was, klinkklaar *afgedwaal (lees Exodus 32:1–6)*. Ongelukkig skyn dit dat ontrouheid meer die reël as die uitsondering was, en daarom, in plaas daarvan dat hulle die Beloofde Land gou binnegegaan het, het hulle vir 40 jaar in die woestyn rondgeswerf.

Lees Númeri 14:28–35. Wat was die straf wat die nasie ten deel geval het omdat hulle geweier het om die Here te vertrou en te doen wat hy vir hulle gesê het?

_____

_____

Ongehoorsaamheid was toe, net soos nou, nie net openlike rebelsheid nie (hoewel dit wel gebeur), maar vind plaas as gevolg van 'n gebrek aan vertroue in wat God vir ons sê. Wat hierdie sonde vir Israel selfs meer verfoeilik gemaak het, was die feit dat, soos God self gesê het, al die manne "'wat my heerlikheid en my tekens gesien het wat Ek in Egipte en in die woestyn gedoen het, [het] My nou al tienmaal versoek'" *(Númeri 14:22, OAV)*. Afgesien van alles wat hulle gesien en ondervind het, het hulle steeds geweier om die Here te gehoorsaam en die land in te neem ten spyte van God se beloftes dat hulle suksesvol sou wees *(Númeri 13– 14)*.

Dink na oor wat hierbo gesê was: dat so dikwels ongehoorsaamheid die gevolg is van 'n tekort aan vertroue in God se Woord aan ons. Hoekom is dit waar, en hoe kan ons inderdaad leer om God meer te vertrou?

Vir verdere studie: Vir ’n dieper en ’n baie goeddeurdagte studie van die groot stryd-tema wat op die idee van God as liefdevol gegrond is en deur ’n Sewendedag-Adventis geskrywe is, lees John Peckham se *Theodicy of Love: Cosmic Conflict and the Problem of Evil* (Grand Rapids, MI: Baker Academic, 2018). Die feit dat hierdie geskrewe stuk deur ’n nie-Adventiste drukkery gepubliseer was, dui aan hoe goeie Bybelse insig die werklikheid van die groot stryd kan openbaar soos dit in die Skrif uitgebeeld word.

“Kortom, ek redeneer dat God se liefde (soos wat dit werklik is) die sentrale punt van ’n kosmiese geskil is, en dat God se toegewydheid aan liefde ’n voldoende etiese rede is waarom God boosheid toelaat, saam met ’n betekenisvolle netwerk van Goddelike voorsienigheid wat binne, soos wat ek dit noem, verbondsbepalinge funksioneer.” — John C. Peckham, *Theodicy of Love: Cosmic Conflict and the Problem of Evil* (Grand Rapids, MI: Baker Academic, 2018), bl. 4, *(vry vertaal)*.

“Die opdrag dat Israel vir veertig jaar nie in Kanaän mag ingaan nie, was vir Moses en Aäron en Kaleb en Josua ’n bittere teleurstelling, nogtans het hulle die besluit van God sonder klagte aanvaar. Maar diegene wat gekla het oor die manier waarop God hulle behandel het, wat gesê het dat hulle na Egipteland sou teruggaan, het baie geween en rou bedryf toe die seëninge wat hulle verag het, van hulle weggeneem was. Hulle het sonder rede gekla, en nou het God hulle rede gegee om te ween. As hulle waarlik oor hulle sonde berou gehad het toe dit aan hulle geopenbaar is, sou hierdie vonnis nie uitgespreek gewees het nie, maar hulle het oor die oordeel gerou; hulle verdriet was nie berou nie en dit kon nie die hersiening van hulle vonnis teweegbring nie.” — Ellen G. White, *Patriarge en Profete*, bl. 392.

Vrae vir bespreking:

❶ Bespreek die vraag oor die vrye wil en liefde. Waarom moet liefde, om liefde te kan wees, vrylik gegee word? Gegewe al die lyding in die wêreld, sal sommige redeneer dat liefde dit nie werd was nie. Hoe sou jy hierdie redenasie beantwoord?

❷ Met gehoorsaamheid so sentraal in die hele Bybel, wat is wettiesheid? Watter faktore kan in ’n poging om getrou aan God en sy Woord en sy gebooie te wees, ’n strik vir wettiesheid wees?

❸ Bespreek in die klas die vraag wat aan die einde van Dinsdag se studie gevra was met betrekking tot die ooreenkomste tussen destydse Israel en die Sewendedag-Adventiste kerk. Wat is daardie ooreenkomste en waarom behoort ons daaroor besorgd te wees?